Oordenking
19 April 2010

Die hoop van God bring blydskap

Ons verheug ons ook in die hoop om deel te hê aan die heerlikheid van God. (Rom 5:2b)
Een van die seëninge om Jesus Christus te ken, is dat dit vir ons hoop gee. Sonder hoop verander die lewe in wanhoop. Die manier waarop ons die hoop ontvang is deur Jesus persoonlik te ken omdat ek 'n lewende verhouding met Hom het. So leer ons wie Hy werklik is. En ons leer ken die karakter van God self. Ons ontdek hoe getrou God is. Ons ontdek hoe groot sy liefde is. Deur na die offer van Jesus te kyk leer ons die diepte van God se liefde vir ons verstaan. Ons verstaan ook dat God 'n doel met ons lewe het en 'n plan vir ons toekoms.

Hierdie kennis bring hoop in ons harte. Dit bring die sekerheid dat my toekoms veilig in Christus is. Wat ook al gebeur, niks kan die God gegewe bestemming vir my lewe verander nie.

Hoop op God bring vreugde terug in my lewe. Dis waarom Paulus in Rom 5:2 sê dat ons ons verheug om deel te hê aan die heerlikheid van God. Blydskap in God is eenvoudig deel daarvan om in God te glo. Psalm 16:11 sê, " *By U is daar oorvloedige blydskap. Uit u hand kom net wat mooi is*"

God se redding bring vir ons vrede. God se genade bring aanvaarding. God se hoop bring blydskap.